

TERRAIN SUPPLEMENT

Special supplement to the Stabilis school newspaper · Spesiale bylaag tot die Stabilis skoolkoerant

Junie | June 2017



Nuwe wetenskapsentrum bevredig behoefte

Standaard van konstruksie maak praktiese werk en onderrig 'n moontlikheid

Aan die begin van 2015 het die skool se beheerliggaam vir die eerste keer toestemming gegee dat voortgegaan kan word met 'n projek wat reeds lank in die vooruitsig gestel is: die oprigting van nuwe wetenskap-laboratoriums en klaskamers.

'n Tweede deel van hierdie projek was die oprigting van 'n kantoorblok met ses kantore, waarin die kantore van die ses aktiwiteitshoofde gehuisves kon word.

Dit sluit kantore in vir die hoofde van Sport, Akademie, Kultuur en Koshuise. Die ander twee kantore sou gebruik word deur die hoofde van dissipline en die direkteur van Rugby.

Hierdie projek het die lig gesien met die finansiële ondersteuning van die Jock Meiring- en die Bram Fischer-trusts. Op 8 Julie 2015 is daar met die bouwerk begin. 'n Deel van die projek het nou ook die opgradering van drie ou asbes-klaskamers, wat uit die sewentigerjare gedateer het, ingesluit.

Die ontwerp van die nuwe sentrum is gedoen deur Typology Architects, met mnr Henry Pretorius as hoofargitek van die projek.

Daar is drie auditoriums, wat enersyds as klaskamers gebruik kan word, maar wat ook afgeskort kan word om as praktiese eksperimentele areas gebruik te word.

Die klaskamers is ook so ingerig dat onderwysers maklik gebruik kan maak van tegnologiese hulpmiddels soos oorhoofse projektors en interaktiewe witborde.

Vir die argitek, sowel as die bourekenaar en hoofagent, mnr Lodewyk Pretorius, was hierdie geen gewone projek nie. Hulle sou seker



Na afhandeling van die ses-maande-konstruksieproses is die nuwe sentrum 'n sierraad vir die skool.

Foto: Verskaf

maak dat hierdie toevoeging tot die skoolterrein verder bydra tot die uniekheid van die skoolgronde en dat dit ook sou inskakel by die bestaande geboue. Die sandsteen van die hoofgebou is op 'n unieke wyse gekombineer met die sink van die Tuckshop, met die gevolg 'n modern, praktiese gebou.

Tydens die bouproses is daar baie gekonsentreer op die "groen" manier van konstruksie, wat beteken dat aandag gegee is aan die natuurlike verkoeling en maniere om direkte sonlig in die klaskamers sover moontlik uit te skakel.

In totaal is die nuwe ontwikkeling 790 m2 groot en sluit die drie

laboratoriums, vier klaskamers (nou bekend as die S-blok) en ses kantore (met badkamers, 'n klein kombuisie en 'n afrolkamer) in. Die laboratoriums, wat ook as auditoriums dien, het plek vir 160 persone.

Wanneer daar gekyk word na 'n totale konstruksieperiode van minder as ses maande, is dit geen wonder dat die

bouspanne soms tot laat in die nag besig was nie.

Konstruksievergaderings het daaglik plaasgevind, en veral nader aan die einde van die projek selfs meer gereeld. Daar is gewerk op 'n ses-dag werksweek, wat nodig was indien gekyk word na die beskikbare tyd om die projek af te handel.



As gevolg van die kort tydperk waarbinne die werk afgehandel moes word, is daar ook in die nag gewerk (sien middel).

Foto: Verskaf

SITEFORM
LIGHT STEEL CONSTRUCTION
BuildingEfficiency

Tel: 051 451 2166
www.siteform.co.za
follow us:

2 New Hamilton kitchen proves to be world-class

Restoration process also included a full-scale upgrade to the kitchen equipment

At the end of 2015 it became clear that it would not be possible to postpone the upgrade to the Hamilton Hall kitchen indefinitely. The facilities and kitchen equipment used at that stage was fast becoming obsolete and a complete upgrade was required to maintain the sustainability of the kitchen as an operational unit.

A complication during this whole upgrade was the fact that a time period had to be found when the hostels were empty and when the kitchen would not be in use. It was decided to undertake the construction process during the July holiday period in 2016. The total construction area is 390 m², while the available time for the completion of the project was 2 months.

With this in mind, it was decided to commence with the construction on 15 May 2016, with a proposed completion date on 15 July 2016. This also meant that the hostel boys, who still residing in the hostels during May and June, had to adapt to a slightly different procedure at meal times.

Lodewyk Pretorius acted as principal agent and quantity surveyor of this project. When they started with the project, they realised that 60% of the existing roof structure did not adhere to building regulations, meaning that it had to be rebuilt completely.


This, together with the full replacement of all electrical and mechanical connections, new kitchen equipment, as well as new wall and floor tiles, took two months to complete. The fact that the project had to be completed on time was never an issue, due to the fact that the hostels had to open at the beginning of the third term in 2016.

One of the most exciting features of the new, improved Hamilton Hall kitchen, was the restoration of the main entrance to the kitchen. Today we can see a modern entrance lobby, beautifully tiled and much more practical than before.



The new, modern kitchen can boast facilities of the highest standard.

Photo: Supplied



Outside entrance

Before



After



Inside entrance

Before



After

Sandstone needs to be upgraded regularly

With the exception of the Tuckshop, the other buildings classified as national monuments on the school terrain are all sandstone buildings, something that is quite unique to the Free State.

The use of sandstone is also the reason why the Main Building, the beautiful Hamilton Hall, Murray House and Brill House are so unique. Unfortunately, it is true that a sandstone façade will deteriorate over time, due to the Free State weather (heavy rains, extreme heat and cold) and the test of time.

Natural problems that can affect sandstone buildings include moisture-related problems, weathering, exfolia-

tion, blistering, cracking or detachment. Problems due to weathering can include natural erosion, chemical action or even moisture freezing in the stone.

Blistering takes place when airborne-chemicals react with the stone surface. Cracking can involve fractures from 1/16 inch to half an inch wide. It is wise not to build sandstone walls next to gardens.

It will therefore be required to perform maintenance on these buildings on a regular basis. This project can be regarded as ongoing, while complete renovations might also be required from time to time.



NICK'S ELECTRICAL
CONTRACTING & MAINTENANCE

RUDICON
renovation & construction

Rudolf Buys
082 545 1444

15 Wilhelm Kotzé St
East End
Bloemfontein

PO Box 29320
Danhoff 9310

(051) 436 3611
info@rudicon.co.za

DELTAMECH (PTY.) LTD.
CONSULTING MECHANICAL ENGINEERS

CONSULTING MECHANICAL ENGINEERS
REG. NO. 2016/357451/07
VAT. NO. 4910275306

62 PAUL ROUX STREET
DAN PIENAAR
BLOEMFONTEIN
9301
CELLPHONE:
+27(0)832793122
E-MAIL:
admin@deltamech.co.za

Modern classrooms, offices and storage space

New buildings blend with the historical buildings of Grey College Primary



The beginning...



Halfway there...

The new building blends in with the Science Building.

Photo: Leon Fourie

The need to expand the facilities at Grey College Primary was due to the rate at which the Music Department is growing as well as the grouping of all the grade 3 classrooms.

The unutilised open area between the Gymnasium and the Primary

School was identified to build six classrooms (to accommodate one grade 2 - and all five grade 3 classrooms), six offices and storage facilities for all our sporting equipment.

The snazzy offices are utilised by four Heads of Departments (HOD's),

the Social Worker and the Sport Administrator.

The Foundation Phase functions more effectively since being grouped in one block.

What happened to the original grade 3 classes? The original grade 3

classrooms have been incorporated by the Music Department, providing in the need for more music classes.

The new building was designed to blend in with the new Science Building as well as the rest of the historical buildings of Grey College.

'n Klas vir kleuters en veeldoelige nasorgsentrum vir Grey Kollege Preprimêr



Die begin...



Halfpad daar...



Die nuwe veeldoelige Nasorgsentrum.

Foto: Leon Fourie

Gedurende 2015 het die behoefte ontstaan om met die aanvang van die nuwe skooljaar in 2016 'n bykomende Engelse graad R-klas by die Preprimêr te inkorporeer. Daarvoor moes daar 'n ekstra lokaal voorsien word, omdat die bestaande vyfde klas as nasorgklas aangewend was.

Daar is toe goed gedink om ook die nasorg afdeling van die Preprimêr te verbeter en die bestaande klaskamer aan te wend vir die nuwe Engelse Graad R-

klas. 'n Veeldoelige, moderne lokaal van 140m² is opgerig. Hierdie lokaal word nou aangewend as nasorgsentrum, maar beskik ook oor 'n klein verhoog en ablusiefasiliteite wat dit moontlik maak om ook klein konserte daar aan te bied. Die lokaal huisves ook die jaarlikse boekuitstalling en ander kleiner geleenthede.

Ook die argitektuur van hierdie gebou sluit aan by die nuwe Wetenskapgebou en Graad 3-klasse.

TYOLOGYARCHITECTS



21 WILHELM KOTZE STREET
EAST END
BLOEMFONTEIN
TEL (051) 432 5601

4 Tuckshop-veld het gesmeek vir vernuwing

Mure en wandelpaadjies maak dit soveel makliker om monument te besoek



Die nuwe mure rondom die Tuckshop-veld nader voltooiing.

Foto: Verskaf

Die Tuckshop-veld (vir baie oud-Greys ook bekend as die paradegrond) is reeds vir 'n hele aantal jaar 'n seer oog, met 'n onversorgde oppervlakte en grondwalle wat met verloop van tyd al hoe erger onder die verwerende effek van erosie begin ly het.

Dit was dus vir almal, wat so lief vir hierdie integrale deel van die skoolterrein is, goeie nuus toe daar besluit is om die veld en sy onmiddellike omgewing totaal op te gradeer. Die totale oppervlakte van die veld, 7 140 m², sou eers gelyk gemaak word en daarna oorgeplant word met 'n nuwe grasoppervlakte. Dit sou die veld in tip-top kondisie laat vir gebruik deur sportspanne, soos altyd in die verlede.

Weens die ongelykheid van die veld was dit nodig om 360 m³ se ekstra grond in te ry om eers 'n gelyke oppervlakte te kry. Eers daarna kon die gras geplant word.

Om die nuwe (gelyk) oppervlak in stand te hou, was dit egter ook nodig

om keerwalle te bou om te verhoed dat erosie weer aanleiding gee tot die agteruitgang van die veld.

Daar is dus besluit om 150 m se mure rondom 'n gedeelte van die veld te bou, veral in die suidoostelike hoek, waar dit grens aan die S-blok by die sekondêre skool.

Hierdie projek het ook die gebruik van ongeveer 200 m² se sandsteen-bekleding ingesluit, sodat die muur gemaklik sou inskakel by die res van die skool se geboue. Daar is verder ook 250 m se wandelpaaië rondom die Tuckshop gebou, hoofsaaklik om die verspoelde grondpaadjies van die verlede uit te skakel.

Die aanvangsdatum vir die konstruksie van die muur en veld was 1 Mei 2016, met die verwagte voltooiingsdatum op 30 November 2016. Die konstruksie van hierdie projek is waargeneem deur WGK, 'n bekende konstruksiegroep in Bloemfontein.



Die grasoppervlak van die veld is heeltemal oorgeplant.

Foto: Verskaf



Die bouproses in volle swang.

Foto: Verskaf

Cricket facilities of the school are upgraded to a world-class practise venue

To maintain a high level of achievement in all sporting codes presented at the school, it is always necessary to look at innovations and the upgrade of facilities.

Because cricket can rightfully be regarded as one of the primary sports at the school, it is of utmost importance to look at the maintenance of current facilities and the establishment of new facilities which can lead to even better performances.

The building of high-quality turf cricket nets (where the practice surface can closely resemble the actual playing surface) has long been a dream for the cricket fraternity at the school.

It should be noted that these cricket nets adhere to international standards and that the facilities can also be used by professional cricket players, if required.



Ground preparations in full swing.

Photo: Supplied



The new turf area adheres to international standards.

Photo: Supplied

bau

+



+



=



load@bauqs.com

Question the ordinary/
Imagine the extraordinary/
Create the enduring

WSP